NG KERK IN OOS-KAAPLAND

NOTULE VAN 'N VERGADERING VAN DIE SINODALE KOMMISSIE OP 28 JULIE 2005 OM 14:00 TE WILLOWS VAKANSIEOORD

1. OPENING

1.1 Vergaderplek

1.1.1 Die Sinodale Kommissie vergader in die Konferensiesentrum van die Willows Vakansie-oord net na afloop van die Buitengewone Sinodale vergadering.

1.2 Opening

1.2.1 Dr Schalk du Toit open met gebed.

1.2.2 Die voorsitter, ds Hansie Schutte, heet almal welkom.

2. KONSTITUERING

2.1 Dagbestuur van die SK

Ds EGJ de G Schutte – Voorsitter
Ds ACV van Wyk – Onder-voorsitter
Dr S du Toit - Aktuarius
Ds DW Mouton – Skriba
Ds AC van der Westhuizen
Ds M van Niekerk
Ds MF Steyn (Verskoning)
Ds CH van Heerden – DL Finansies

2.2 Lede deur die Ringe benoem

RINGE	PRIMARII	SEKUNDI
Albanie		Ds F Terblanche
Algoa	Ds JP Kampman Oudl (me) EJ Langenhoven (Algoapark)	
Burgers-dorp	Ds AC van der Westhuizen Oudl (me) CJ Nel (Aliwal-Noord)	
Cradock	Ds HM Strydom Oudl (me) AS Smit (Cradock-Noord)	
Dordrecht	Ds WA van Zyl Oudl L Theron (Barkly-Oos)	
Graaff-Reinet	Ds EH Ferreira Oudl JM Nel (Aberdeen)	Diak (me) S Francis (Jansenville)
Humans-dorp		Ds DF Oelofse Oudl (me) J Beukes (Humansdorp)
Oos-Londen	Oudl A Olivier (KWT)	Ds AP Coetzee
Port Elizabeth	Ds M van Niekerk Oudl (ds) PL Louw (Kensington)	
PE-Wes	Ds C Coetzee	Dr JD Prinsloo
Queenstown	Oudl F van Z Bakkes (Cathcart)	Ds H Retief
Sondags-rivier	Ds AHG Lötter Diak SE Phillip-son (Despatch-Eendrag)	
Uitenhage	Ds TJ van Schoor Oudl WH Lane (Uitenhage-Noord)	

2.3 Adviserend

Dr JWJ Viljoen – Direkteur Administrasie

2.4 Op uitnodiging - Netwerkbestuurders

BNet en Liturgie - ds BIC Steyn
Barmhartigheid - dr A Oliphant
Familie - ds E Malan
Getuienis - ds JH van Niekerk
Jeug - ds WP Petzer
Navorsing - prof PJ Naudé (Verskoning)
Predikante - dr JD Prinsloo
Vrouelidmate - me L Steyn (Verskoning)

3. SITTINGSURE

3.1 Die vergadering begin om 14:00. Goedgekeur dat dit ononderbroke duur totdat al die werk-saamhede afgehandel is.

4. UITBREIDING VAN DIE SAKELYS

Die sakelys word aangevul met die volgende punte vir bespreking:

Pt 6.1.1 Streekskonvente (pt 6.4.1)

Pt 6.2.1 Uitkoop van tyd (pt 5.7 en verder)

Pt 6.2.2 Ad Hoc Kommissie: Sentrale Salarisstelsel (pt 5.15.2.2)

Pt 9.1 Finansiële state (Bylaag L)

Pt 10.2 Skrywe NGK Uitenhage-Oos (Bylaag E)

Pt 10.3 Skrywe NGK PE-Noord (Bylae F en J)

Pt 10.4 Skrywes Badisa en CMR re Sondag van Barmhartigheid (Bylae G, H en I)

Pt 11.1 Styl van vergadering

Pt 11.2 Mediaverklaring

Pt 11.3 Pos van Hospitaalleraar PE

Pt 11.4 Uitvoering R10-Projek

Pt 11.5 Ringsfondse Algoa

Pt 11.6 Ondersoek Ringe van Dordrecht en Burgersdorp

5. NOTULES VIR KENNISNAME

5.1 SK - 2004-11-25 Bylaag A

5.1.1 Kennis geneem.

5.2 SK - 2005-04-14 Bylaag B

5.2.1 Kennis geneem.

5.3 SK-Dagbestuur - 2005-02-03 Bylaag C

5.3.1 Kennis geneem.

5.4 SK-Dagbestuur - 2005-05-19 Bylaag D

5.4.1 Besluit:
Kennis geneem, met twee wysigings:
5.4.1.1 Die laaste sin by pt 18.3.1 word met die volgende sin vervang: "Die tekort op die begroting (R18,211) sal uit surplusfondse betaal word."
5.4.1.2 Die laaste sin by pt 18.4.1 word met die volgende vervang: "Vir die reiskoste is reeds R35,000 begroot en die res sal uit surplusfondse betaal word."

6. SAKE VOORSPRUITEND

6.1 SK 2004-11-25 Bylaag A

6.1.1 Streekskonvente (pt 6.4.1)

6.1.1.1 Die vergadering neem kennis dat die streekskonvente by die eerskomende UK Konvent vir Eenheid bespreek sal word.

6.2 SK - 2005-04-14 Bylaag B

6.2.1 Uitkoop van tyd (pte 5.7, 5.8, 5.9)

6.2.1.1 Hierdie saak (wat ook voorkom by pte 5.3.2-5.3.4 van die Notule SK-Dagbestuur van 19 Mei 2005) staan oor.

6.2.2 Ad Hoc Kommissie: Sentrale Salarisstelsel (pt 5.15.2.2)

6.2.2.1 Besluit:
In die lig van ds Francois Esterhuizen se vertrek uit die sinodale gebied, word ds Herman Retief in sy plek op die Ad Hoc Kommissie benoem.

6.3 SK-Dagbestuur - 2005-02-03 Bylaag C

Geen sake voortspruitend nie.

6.4 SK-Dagbestuur - 2005-05-19 Bylaag D

6.4.1 Lux Verbi: Lisensie vir Liedboek (pt 5.3.7)

Die saak staan oor.

7. GOEDKEURING VAN DIE NOTULE VAN DIE BUITENGEWONE SINODE

7.1 Die notule word bespreek en enkele wysigings aangebring.

7.2 Besluit: Goedgekeur en ter vergadering deur die lede van die Kommissie onderteken.

8. SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE BUITENGEWONE SINODE

Nota: Vergelyk punte 11.2.3, 11.4 en 11.6 van hierdie notule vir sake voortspruitend uit die sinodale vergadering.

9. FINANSIES EN ADMINISTRASIE

9.1 Finansiële state vir die jaar geëindig 28 Februarie 2005 Bylaag L

9.1.1 Besluit: Die finansiële state word goedgekeur met dank aan dr Jan Viljoen, mev Theresa Botha en die ouditeursfirma Wolmarans Kruger.

10. KORRESPONDENSIE

10.1 Skrywe: Mnr GJ de Beer ré Betaling vir die lei van begrafnisse aan predikante Bylaag K

10.1.1 Die vergadering bespreek 'n skrywe van mnr GJ de Beer, Bylaag K (Betaling vir die lei van begrafnisse aan predikante - dd 2005-02-03). Hy argumenteer dat die vergoeding van predikante vir die lei van begrafnisse "duidelik verkeerd is" in die lig van KO art 9, en vra dat die sinode uitsluitsel gee.

10.1.2 Besluit:
Ds Hansie Schutte sal 'n skrywe aan broer GJ de Beer formuleer om die saak te verduidelik.

10.2 Skrywe Uitenhage-Oos Bylaag E

10.2.1 Die kerkraad teken beswaar aan teen die hoë koste van die sinodale vergadering per afgevaardigde en vra 'n meer bekostigbare reëling in die toekoms.

10.2.2 Besluite:
10.2.2.1 Kennis geneem van die skrywe.
10.2.2.2 Waar gemeentes nie oor voldoende fondse beskik om afgevaardigdes te stuur nie, kan hulle aansoek om hulp doen. Sou surplusfondse op die sinodale vergadering se begroting beskikbaar wees, sal dit eweredig aan sulke gemeentes toegeken word.

10.3 Skrywe NGK PE-Noord Bylae F en J

10.3.1 Die vergadering bespreek Bylaag F (Dekbrief NGK PE-Noord - dd 2005-07-23) en Bylaag J (Skrywe NGK PE-Noord - dd 2005-05-26).

10.3.2 Besluite:
10.3.2.1 Die afvaardiging van NGK PE-Noord word toegelaat om die sinode teen R150 per afgevaardigde by te woon.
10.3.2.2 Die Ring van Algoa word op advies van die ringsverteenwoordiger versoek om die balans van die koste uit surplusfondse te betaal.

10.4 Skrywes Badisa en CMR re Sondag van Barmhartigheid Bylae G, H en I

10.4.1 Die SK neem kennis van Bylaag G (Skrywe re Sondag van Barmhartigheid - dd 2005-07-20); Bylaag H (Sondag van Barmhartigheid - dd 2005-07-20) en Bylaag I (Skrywe CMR insake korrespondensie aan Oos-Kaapse Gemeentes Sondag vir Barmhartigheid - dd 2005-07-22).

10.4.2 Besluite:
10.4.2.1 Alle fondsinsamelings ten opsigte van die Sondag vir Barmhartigheid waarby NG Gemeentes in die Oos-Kaap betrokke is, vind onder die vaandel van die CMR / Inrigtings plaas. Hierdie fondse word by die Oos-Kaapse sinode inbetaal ten bate van ons eie barmhartigheidswerk.
10.4.2.2 'n Ad Hoc Kommissie bestaande uit drr Anton Oliphant (sameroeper), Jan Viljoen en ds Deon Oelofse skakel met die CMR en Inrigtings om reëlings oor toekomstige samewerking met Badisa te bespreek, met verslag aan die SK.

11. ANDER SAKE

11.1 Styl van vergadering

11.1.1 Broer Lucien Theron meen dat die styl van die vergadering meer pas by 'n bosberaad as by 'n sinode. Hy vra of die afgevaardigdes by wyse van opname getoets kan word oor die styl van die vergadering om 'n aanvaarbare werkswyse te vind.

11.1.2 Besluit:
'n Evaluerende ondersoek na die vergaderstyl word deur die Ontwerpspan gedoen en aan die SK-Dagbestuur voorgelê.

11.2 Mediaverklaring

11.2.1 Daar leef verhale van hoop onder gemeentes en ringe omdat daar op grondvlak samewerking tussen gemeentes op die gebied van kerkhereniging is. Dit moet met lidmate gedeel word.

11.2.2 Die prosesmatige aard van die vergadering moet wyd aan alle lidmate gekommunikeer word, asook die vordering tydens die sinode met die verskillende sinodale prosesse.

11.2.3 Besluit:
Advertensieruimte word gekoop in die Afrikaanse en Engelse Pers om 'n mediaverklaring te plaas (bv Die Burger Oos-Kaap, Herald, Volksblad, Daily Dispatch). Die moderatuur finaliseer die mediaverklaring.

11.3 Pos van Hospitaalleraar PE

11.3.1 Ds Chris Jordaan het sy pos as hospitaalleraar ontruim. Kennis geneem dat hierdie 'n afgewentelde pos is wat nie meer onder die sinode ressorteer nie.

11.3.2 Mnr Johan Lamprecht van die Livingstone Hospitaalbediening neem nou al die hospitale onder sy bediening se vleuels.

11.3.3 Besluit:
Die vergadering kondoneer die DA se reëling dat al die kollektes vir siekesorg steeds by die sinodale kantoor inbetaal word. Dit word dan aan die Livingstone Hospitaalbediening oorbetaal.

11.4 Uitvoering R10-projek

11.4.1 Hierdie is 'n geleentheid om die nood van gemeentes van die kleiner platteland onder gemeentes se aandag gebring.

11.4.2 Besluit:
Die voorsitter en skriba stel 'n skrywe saam waarin die R10-projek aan alle kerkrade gekommunikeer word.

11.5 Ringsfondse Algoa

11.5.1 Die vergadering neem by monde van die ringsverteenwoordiger van die Ring van Algoa kennis dat die beplande ringskonferensie rondom die verantwoordelikheid van die kerk in Suid-Afrika afgelas is in die lig van die Verantwoordelike Vernuwing-Konferensie in PE en ander soortgelyke konferensies. Die Ring versoek dat die goedgekeurde projekgelde nou vir ander, soortgelyke doeleindes aangewend mag word.

11.5.2 Besluit:
Die SK gee toestemming dat die Ring van Algoa fondse wat toegeken is vir
1) die konferensie oor die verantwoordelikheid van die kerk in SA, en
2) die surplus wat begroot is vir die Algemene

Predikante-konferensie
mag aanwend om gemeentes te subsidieer vir die Verantwoordelike Vernuwing-Konferensie en die leierskapkonferensie van die Willow Creek Assosiasie. Die SK versoek die Ring om ook gemeentes van die VGK te nader en te subsidieer om die konferensies by te woon.

11.6 Ondersoek: Ringe van Dordrecht en Burgersdorp

11.6.1 Die vergadering bespreek die sinode se besluit oor hierdie saak (na aanleiding van Beskrywingspunte B1 en B4 en die aanbeveling van die TFK soos gewysig deur Amendement 1), wat lui:

> "Beskrywingspunt B1 en B4 word saamgevoeg en word verwys na die Sinodale Kommissie met volmag om te handel met verslag in 2007" (Notule Buitengewone Sinode 2005 pt 39, Amendement 1)

11.6.2 Uit die gesprek kom die volgende oorwegings na vore: Dit gaan onder andere om bedieningsnood in hierdie gemeentes. Sterker gemeentes kan werklik praktiese bedieningshulp aan swakker gemeentes lewer. Die ondersoek moet uitgebrei word na alle kleiner plattelandse gemeentes. 'n Ander bedieningsmodel is nodig. Korttermyn- en langtermynoplossings moet bedink word.

11.6.3 Besluite:
11.6.3.1 Die Navorsingsnetwerk neem verantwoordelikheid om hierdie ondersoek op 'n wetenskaplik-verantwoorde wyse te ontwerp en af te handel. Teikendatum vir afhandeling: So spoedig moontlik, met 'n tussentydse verslag aan die SK van 24 November 2005.
11.6.3.2 Ondertussen kan gemeentes gehelp word uit bestaande fondse. Die DA en DL Finansies (sameroeper) bepaal die onmiddellike nood in kleiner plattelandse gemeentes.
11.6.3.3 Die betrokke twee ringe word versoek om 'n duidelike behoeftebepaling te maak.
11.6.3.4 Die uitvoering van die hulpverlening word verwys na SK-Dagbestuur. Die bedrag oorskry nie R300,000 nie. Bestaande riglyne vir die aanwending van fondse moet in ag geneem word.

11.7 Skeidingspakket: Ds Sollie Pretorius

11.7.1 Besluit:
Toestemming word verleen dat die surplusfondse van die ringsprojekte vir die Ringe van Dordrecht en Burgersdorp aangewend word vir die skeidingspakket van ds Sollie Pretorius.

12. VOLGENDE VERGADERINGS

12.1 Dagbestuur

27 Oktober 2005

12.2 SK

24 November 2005

13. AFSLUITING

Mev Sonja Francis sluit die vergadering met gebed af.